**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 JULIE 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts *(Ex-officio)* | [DA] | : | Speaker |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mev. VK Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN037/07/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna die Uitvoerende Onderburgemeester die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

***

**BKN038/07/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Moolman - afwesig met verskoning (SALGA opleiding in Worcester)

***

**BKN039/07/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN040/07/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024, bekragtig word.

***

**BKN041/07/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024.

***

**BKN042/07/2024**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INSTALLERING VAN OPTIESE VESELKABELS BY DWARSKERSBOS STRANDOORD (*BKN035/06/2024)***
**3/3/2/2**

Op navraag van Raadslid rakende die voorwaarde verbonde dat die kabels ondergrond geïnstalleer moet word, bevestig die Direkteur Gemeenskapsdienste dat ‘n vergadering geskeduleer is vir Woensdag 31 Julie 2024 met TRUSC en dat tydens die vergadering die voorwaarde weer bevestig sal word.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste seker maak dat ‘n voorwaarde in die “wayleaves” geskryf is dat alle veselkabels ondergrond geïnstalleer moet word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN043/07/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO’S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN044/07/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer rakende die fondse wat Provinsie beskikbaar gaan stel vir die Goedverwacht Waterstelsel. Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste, Direkteur Tegniese Dienste en Raadslid Daniels na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ‘n verslag saamstel vir die Raadsvergadering ten einde by die Raad goedkeuring te verkry om oorbruggingsfondse uit die goedgekeurde begroting te spandeer.

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE & DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (30/07/2024)***

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings :

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN045/07/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN046/07/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN047/07/2024**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN048/07/2024**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

***(Die Voorsitter versoek dat 'n In-Komitee gesprek gefasiliteer word by item BKA065 met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Interne Ouditeur en Klerk: Komitees.***

**BKN049/07/2024**
**<u>AMENDED: IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE FOURTH QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023 / 2024</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die implementering van die "Procurement Bill".

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 July 2023 to 30 June 2024 representing the fourth quarter of the 2023/2024 financial year. (The report is accumulative from 01 July 2023); and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN050/07/2024**
**<u>DRAFT CALENDAR FOR 2024 / 25 FINANCIAL YEAR: TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES</u>**
**2/1**
***(Die kalender word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die onderstaande veranderinge word voorgestel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee:

- Dat die Strategiese Sessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangebring word op die kalender wat plaasvind vanaf Woensdag 14 Augustus 2024 tot Vrydag 16 Augustus;
- Dat die geskeduleerde MPAC vergadering van Vrydag 16 Augustus 2024 verskuif word en bevestiging by die MPAC-Voorsitter verkry word rakende ‘n ander datum; en
- Dat die NATIS kantoor in Velddrif en Piketberg op beide Saterdag 14 en 21 Desember 2024 oop sal wees.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That the draft Calendar for the 2024/25 financial year be approved.

***

**BKN051/07/2024**
**PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE: EXTENSION OF TERM FOR MRS MERLE KINNES**
**12/2/2/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee notes that Mrs. Kinnes first term as a member of the Performance, Risk and Audit Committee is coming to an end on 31 August 2024;
2. That Mrs. Kinnes be appointed for a second term of three (3) years as a member of Bergrivier Municipality's Performance, Risk and Audit Committee with effect from 01 September 2024 until 31 August 2027; and
3. That the Executive Mayoral Committee recommend the same to Council for final approval.

***

**BKN052/07/2024**
**2023 / 2024 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 01 APRIL – 30 JUNE 2024 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April - 30 June 2024) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2024.

***

**BKN053/07/2024**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JUNE 2024**
**12/2/2/21**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for June 2024.

***

**BKN054/07/2024**
**AFVALBESTUUR EN HERWINNING**
**16/6/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Onderburgemeester versoek dat 'n strategiese gesprek gefasiliteer word rakende die verskuiwing van die vullisverwydering indien dit nie meer vervoer kan word na Malmesbury (Swartland Munisipaliteit) en Vredenburg (Saldanha Munisipaliteit) se stortingsterreine nie.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die moontlikheid weer ondersoek word rakende die oprigting van 'n stormwater brug in Wyk 4 (Mandela Park) en versoek dat die Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte 'n nuwe Omgewingsimpakstudie doen by die Mandela Park om die moontlikheid te ondersoek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE & BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council gives the in-principle commitment for the projected timelines and financial cost for the decommissioning of the Redelinghuys, Aurora, Porterville and Piketberg Waste Disposal Facilities (WDFs);
2. That the approval will form part of the Municipality's motivation to the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) for the renewal of the Waste Management Licenses (WMLs); and
3. This renewal will allow for the continued lawful operation and eventual decommissioning of the Municipal Waste Disposal Facilities (WDFs).

***

**BKN055/07/2024**
**WASTE MANAGEMENT OFFICER FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**16/6/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste gee kortliks terugvoer.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem dat die Direkteur Tegniese Dienste tans besig is om Me. Jamie-Lee van Zyl die delegasie te gee om vir Bergrivier Munisipaliteit te verteenwoordig as die aangewese Afvalbestuurs Beampte.

***

**BKN056/07/2024**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 01 MARCH 2024**
**3/3/2/2**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council takes note of the Risk Committee meeting's minutes as held on Friday 01 March 2024.

***

**BKN057/07/2024**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 15 MARCH 2024**
**3/3/2/2**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council takes note of the Performance, Risk and Audit Committee meeting's minutes as held on Friday 15 March 2024.

***

**BKN058/07/2024**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 08 FEBRUARIE 2024 EN DINSDAG 05 MAART 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Finansiële Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Donderdag 08 Februarie 2024 en Dinsdag 05 Maart 2024.

***

**BKN059/07/2024**
**NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 06 FEBRUARIE 2024 EN DINSDAG 05 MAART 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 06 Februarie 2024 en Dinsdag 05 Maart 2024.

***

**BKN060/07/2024**
**NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 FEBRUARIE 2024 EN WOENSDAG 06 MAART 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 Februarie 2024 en Woensdag 06 Maart 2024.

***

**BKN061/07/2024**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 FEBRUARIE 2024 EN WOENSDAG 06 MAART 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 Februarie 2024 en Woensdag 06 Maart 2024.

***

**BKN062/07/2024**
**NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 08 FEBRUARIE 2024 EN DONDERDAG 07 MAART 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Tegniese Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Donderdag 08 Februarie 2024 en Donderdag 07 Maart 2024.

***

**BKN063/07/2024**
**STRATEGIESE KWESSIES UITGELIG DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die onderstaande kwessies:

**TEGNIESE DIENSTE**

- Dat die toestand, instandhouding en onderhoud van potgate, strate en spoedwalle in die Bergrivier Munisipale area 'n groot bron van kommer is;
- Dat die potgate by die vier-rigting stop by die VG Kerk in Noordhoek en Die Trekstraat en Langstraat in Piketberg die nodige aandag moet kry;
- Dat die nodige toesig gehou moet word oor die stormwater projek by Watsoniastraat in Piketberg met verwysing na die toerusting wat rondlê;
- Dat die Tegniese Bestuur meer sigbaar moet wees gedurende tye wat Bergrivier Munisipale area elektrisiteitsprobleme ondervind;
- Dat die bemagtiging van interne personeel met verwysing na die aanspreking van elektrisiteitsprobleme aangespreek word om die gebruik van kontrakteurs te verminder;
- Dat die moontlikheid ondersoek word om Usave in Velddrif te koppel aan die rioolstelsel;
- Dat die potgate, riool- en waterprobleme by Tulpstraat en Watsoniastraat in Velddrif aangespreek moet word;
- Dat na afhandeling van die Meesterplanne vir die paaie en elektriese netwerke, die uitdagings en oplossings in-diepte

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

bespreek sal word ten einde ‘n plan te formuleer vir die opgradering van die paaie en elektriese netwerke;

- Dat die riool in Velddrif, Redelinghuis en Aurora met verwysing na die septiese tenke aangespreek word deur ‘n kostebepaling te kry om dit aan die huidige rioolstelsels te koppel;
- Dat ‘n program voorgelê word rakende die onderskeie potgate in die Bergrivier Munisipale area veral by die vier-rigting stoppe;
- Dat die onderskeie direktorate kapitale items aankoop aan die einde van die finansiële jaar ten einde te verseker dat die kapitaalspandering goed vertoon word (met spesifieke verwysing na die aankoop van die oorbodige boustene en plaveisel); en
- Dat die implikasie wat die gebrek van fondse vir die herseëlingsprogram inhou deeglik bespreek moet word gedurende die begrotingsproses.

**<u>GEMEENSKAPSDIENSTE</u>**

- Dat die moontlikheid ondersoek word om ‘n alternatiewe taxi staanplek in Porterville te kry om die klagtes te verminder rakende taxi’s wat op die publiek se staanplek parkeer;
- Dat ‘n gesprek gevoer moet word met die Piketberg Taxi-Vereniging met verwysing na die ry en parkering soos hulle wil;
- Dat die beligting by die taxi staanplek in Piketberg swak is en met samewerking van Tegniese Dienste aangespreek moet word;
- Dat die onwettige bewoners wat by die taxi staanplek in Piketberg slaap, verwyder moet word;
- Dat die moontlikheid ondersoek word dat die “runners” soos vervat in die stalletjie reëls uitgehaal moet word; en
- Dat ‘n verslag voorgelê word rakende die spandering wat gemaak is tydens die Rampbestuur pogings in Piketberg en Porterville.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**<u>FINANSIËLE DIENSTE</u>**

- Dat die aangeleentheid rakende die hantering van die deernisgevalle in Velddrif die nodige aandag moet geniet; en
- Dat ‘n gesprek gefasiliteer word rakende die aankoop van Wendy-huise (Porterville en Piketberg) as gevolg van die vernietiging van die ou Wendy-huise tydens die storms in Piketberg en Porterville.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN064/07/2024**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN065/07/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 10:34, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Interne Ouditeur en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:23*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***